



Die stempel van die dood

Die oomblik wanneer jy gebore word, is jy oud genoeg om te sterf, sê die filosoof Anton van Niekerk.

Oop Kaarte
Murray La Vita




Voor dat ons oor die dood begin praat, word daar eers gelag. Prof. Van Niekerk se kantoor-nommer is 666 en dit is wanneer 'n opmerking hieroor gemaak word dat 'n geskater volg. "Dis hoe die noodlot my getref het! Ek is vêrre weg die vroomste ou hierbo en nou moet ek dié nommer op my kantoordeur dra. Voor my was dit Hennie Rossouw se kantoor en as daar nou wêrelik iemand was wat vroom was, dan was dit hy! Hy was aanvanklik baie geskok daardeur," sê hy laggend. "Van Niekerk is 'n uitgelese professor in filosofie en direkteur van die Sentrum vir Toegepaste Eetiek aan die Universiteit Stellenbosch. Sy uiters boeiende boek *Die dood en die sin van die lewe* het pas die lig gesien. Dit is dan ook waarom die res van ons gesprek handel.

"Ons is bang om regtig openhartig oor die dood te praat. Dis hoekom ek die dood in die boek 'die taboe van ons tyd' noem. Ander mense het dit ook al so genoem.

"Die verstaan van die dood hedendaags in ons omgang met die verskynsel herinner 'n mens aan die manier waarop in die Victoriaanse tyd oor seksualiteit gedink is, wat absoluut 'n taboe was. "In die 19de eeu, selfs tot hier so ongeveer amper die dertigerjare van die vorige eeu, was die dood nie so 'n vreeslike ding nie. Mense het in hul eie huise, in hul eie omgewings gesterf; dit was nie so 'n geheimsinnige besigheid in 'n sekere sin nie. Groot hospitale op die skaal wat ons vandag het, was nie beskikbaar nie, en in daai sin was die dood deel van die alledaagse lewe.

"Maar grootliks as gevolg van moderniteit, van die moderne wêreld, het daar 'n al hoe groter verleenheid begin ontstaan met die verskynsel van die dood. Ons het so ongelukkig baie reggekry, maar die dood is die een ding wat ons nie onder ons beheer kan kry nie. Die dood is in die moderne wêreld die één konstante herinnering daaraan dat ons nog nie alles onder ons beheer het nie."

Die groot probleem met moderniteit is sy gebrek aan 'n sin vir misterie, sê Van Niekerk. "Misterie is 'n legitieme vorm van kennis, maar dit moet erken word vir wat dit is. Misteries, soos die dood,



Prof. Anton van Niekerk tydens onderhoud in sy kantoor.

Foto: JACO MARAIS

wys ons op dinge wat ons net gedeeltelik kan ken... Ons kan baie mag verwerf oor die dood in moderniteit – dit is die strategie wat moderniteit aangele het, naamlik om die dood te medikaliseer, wat beteken, soos [die sosioloog] Zygmunt Bauman dit stel: Dat jy dit oopbrek in duisend stukkie wat ons sléktes noem. En elke keer as jy 'n bepaalde siekte identifiseer, dan kry jy mag daaroor en dan kan jy dit miskien op daai manier vermy. "Maar dit alles stel eenvoudig die realiteit van die dood uit. En ek dink daarin lê waarskynlik die groot verleenheid van die dood self."

Van Niekerk identifiseer in sy boek drie metafore met betrekking tot die dood: die dood as horison, as reis en as verhaal. "In Horison is... as jy nou kyk na die horison van die berg daarbo... Hy strek sy arm uit na die pieke van die miljoene jare oue Simonsberg, wat in al sy glorie op hierdie sonnige dag deur die kantoorenster sigbaar is. "Daar is hy; hy's konkrêet; hy's sigbaar. En tog, as ek hom sou wou probeer bereik en my ruimtelike posisie

verskuif, dan verskuif die horison onmiddellik... Maar die heel belangrikste ding omtrent die horison is dat dit die finale perk is op my gesigsveld op 'n gegewe tyd – dis so ver soos ek nou kan sien.

"Om hoegenaamd iets te kan sien, moet ek dit beperk sien; ek kan nie sien as my gesigsveld nie beperk is nie – dit leer die horison ons: my gesigsveld is beperk.

"Die dood is in daai sin die horison van ons lewe, die gesigseinder... Ons is beperkte wesens, ons kan nie maak wat ons wil nie, ons kan nie alles ken wat daar in die wêreld te ken is nie.

"Ons lewe voortdurend binne begrensings en beperkings, en die dood is die uiteindelijke herinnering dat daar 'n finale perk is aan wat ons uiteindelik kan beleef."

Sy eerste kennismaking met die dood was toe sy pa gesterf het. "Dit was 'n enorme skok. Hy het op 52-jarige leeftyd in 1959 'n ernstige hartaanval gehad en toe het hy wat hulle noem 'n hartlyer geword, dit was die dae voor hartomleidings

en hartaanplantings. So ek was in die laaste tien jaar van sy lewe intens bewus daarvan dat ek 'n pa het wat aan sy hart lê. En in daai sin sou 'n mens dus verwag dat die ergste enige oomblik kon gebeur.

"Ek was 'n 15-jarige kosskoolkind hier in Paul Roos toe hy plotseling een Saterdagoggend dood is.

"En een van die punte wat ek in die boek probeer maak rondom die dood is dat 'n mens kan dink jy verwag dat iemand gaan sterf, maar jy het géén idee van hoe min jy dit verwag tótdat dit werklik gebeur nie. Die skok bly absoluut oorvloedigend."

'n Ander groot verlies was die dood van sy vriend en kollega, die filosoof Paul Cilliers.

"Dit was 'n ontsaglik traumatiese ervaring, want Paul was in die fleur van sy lewe en dit was totaal onverwags. Een van die goed wat ek daaruit geleer het, is die dood verplig ons elke keer tot 'n nuwe begin... "Hannah Arendt sê die mens se mees merkwaaardige kenmerk is dat ons áltyd wêreld kan begin.

"Dit het my aangegryp toe ek daai

hoofstuk geskryf het ook oor Paul en die ander. Jy word deur die dood soms absoluut tot stilstand geruk, maar die lewe gaan elke keer aan en jy het geen keuse nie: Jy moet maar eenvoudig weer begin hardloop; dit vat sommige van ons partykeer 'n bietjie langer as ander, maar uiteindelik wag die lewe vir niemand. En nou moet jy aangaan sonder die reserwes wat die persoon wat jy verloor het vir jou beskikbaar gemaak het. Dit is die merkwaaardige ding wat ons doen aan mekaar: Elke lewe wat sin het, maak moontlikhede oop, laat mense sien, laat mense dinge geniet wat hulle nooit andersins sou gehad het nie.

"Hoe ōrn sou ons nie gewees het sonder Shakespeare en sonder Galileo en sonder Darwin nie – sê nou maar hulle het nooit gelewe nie."

Dit is jammer dat daar soms 'toetaal problematiese' verwagtinge by mense geskep word rondom die dood en geliefdes.

"Sels al aanvaar jy die paradigma van die Christendom ernstig, daar is géén Bybelse óf wetenskaplike getuie-

nis dat dit ooit moontlik gaan wees om mense weer te ontmoet nie, selfs al is daar 'n lewe ná die dood.

"En dan praat ons nou nog nie eens van al die ander probleme wat verbonde is aan die idee van 'n lewe ná die dood nie; net om vir onself sin daarvan te maak nie.

"Ek dink ons moet 'n baie meer volwasse gesprek oor die dood hê. Dit sou 'n jammerde wees as die dood net die aantelend word vir goédkoop trooswoortjies.

"Mense wat ernstige verliese ly, het nie 'n behoefte aan goédkoop trooswoortjies van: 'Aag man, hyt net vas, móre gaan dit beter en as jy eendag jou óf toemaak, sien jy al jou geliefde weer.' Dit is roéklose praatjies wat ons lewer moet probeer vermy."

Terwyl die loeiende sirene van 'n noodvoertuig hard van buite af opklink, praat hy oor lewe ná die dood.

"Dit mag wees, as 'n mens sekere Bybelgedeeltes ernstig wil opneem, dat daar wél sprake is van 'n bewuste lewe in die een of ander vorm op 'n manier wat rus vind by God, maar die Bybel beklemtoon baie, baie min die idee van 'n siel wat in die ewigheid bestaan. Daai hele idee van 'n onsterflike siel is 'n Platóniese idee. Paulus praat van die opstanding van die menslike liggaam en die bestaan ná die dood is 'n Higgáamlike bestaan.

"Verder, en daar dink ek moet 'n mens die Nuwe en die Ou Testament saam lees, daai bestaan is essensieel 'n herstel van die skepping, dis 'n herstel van hemel en aarde... "So dis 'n herstellende wêreld. Ek hou van daardie idee; ek het baie bedenkings oor die idee van 'n sielsalige ronddryf in die ewigheid van die tyd van die verlose siele by God.

"Die belangrike ding as jy oor die lewe ná die dood, of laat ek lewer sê die lewe van die toekoms, dink as 'n herstellende skepping, dan sit daar tross in, want aan daardie soort bestaan kan ons nou al begin werk."

Van Niekerk sê hy het onlangs Martin Heidegger se insigte.

"Wat my opnuut getref het, is sy insigte dat die dood die belangrikste eienenskap van die lewe is, nie omdat die dood onvermydelik eéndag op ons wag nie, maar omdat die oomblik wanneer 'n mens gebore word, is jy oud genoeg om te sterwe... Die dood stempel elke enkele ding waarmee jy elke enkele dag besig is tot wat dit is.

"Jy staan in die oggend op en jy borsel jou tande omdat jy nie wil hê jou tande moet vrót nie; jy eet kos, want jy het dit nodig om liggaamlik te kan voortbestaan; jy bestuur versigtig, want as jy dit nie doen nie, gaan jy seerkry en gaan ander mense seerkry.

"Al daardie precautionaries wat jy tref, doen jy omdat jy besorg is daaroor dat jy nie vir altyd gaan lewe nie en dat jy vir die oomblik die beste daarvan wil maak. "In daardie sin," sê hy "stempel die dood elke dag se lewe."

